
University of Pretoria etd – Prinsloo, C E (2001)



# HOOFSTUK 1




# ALGEMENE INLEIDING TOT DIE ONDERSOEK

## 1.1 INLEIDING

Huweliksverryking in die moderne tyd blyk noodsaaklik te wees vir die gesonde voortbestaan van die mensdom. Die moderne huwelik gaan gebuk onder andersoortige eise. Die hoë egskeidingsyfer wêreldwyd getuig daarvan dat verbintenisse nie noodwendig lewenslank is nie. Navorsing ten opsigte van huweliksmaats en kinders betrokke by egskeidings dui aan dat die invloed van egskeidings vernietigend kan wees. (Vgl. Benokraitis, 1996:468.) Egskeidingsbegeleiding, egskeidingsbemiddeling en terapie aan die betrokke partye is vrylik beskikbaar. (Vgl. Young & Long, 1998:215-219.) Die vraag word egter gevra of dit alles die moeite werd is en of daar nie met behulp van voorkoming en vroeëre toetrede 'n verskil gemaak sou kon word om die algemene stand van die huwelik te verbeter nie?

Die huwelik word in elke fase in die lewensiklus aan eiesoortige veranderinge onderwerp en noodsaak aanpassing. Die waarde van huweliksvoorbereiding is reeds deur navorsing bevestig. Die egskeidingsyfer vir jonkgetroude egpare is die hoogste en dui daarop dat toetrede in daardie lewensfase noodsaaklik is. (Vgl. *Statistics South Africa*, 2000:12.) Die huwelik waar die ouers adolessente in die huis het (vroeë middeljare), gaan met die spanning wat die fase van adolessensie teweegbring, asook die spanning van beroeps- en samelewingseise, gepaard. Hierdie spanning en konflikte reflekteer ook in 'n hoë egskeidingsyfer. Die laat middeljare en die fase van bejaardheid vra weer eiesoortige aanpassings. Intervensie kan dus met sukses in alle fases in die lewensiklus gedoen word. Navorsing ten opsigte van die hele spektrum is egter nie moontlik vir een navorser nie. Afbakening ten opsigte van die lewensfases met die oog op navorsing is noodsaaklik. In hierdie navorsingstudie gaan die fase van die vroeë middeljare ondersoek word met die oog op die ontwikkeling en evaluering van 'n huweliksverrykingsprogram.

Huweliksverryking het ten doel om egpare te help om bevrediging, vervulling en vreugde in hulle verhouding te vind. Dit kom uiteindelik tot uiting in hulle ouerskap, werk en gemeenskappe. Huweliksverryking impliseer verandering, groei, versterking en ontwikkeling van reeds bestaande onderdele van 'n verhouding. Die rigting waarin die verandering veronderstel is om plaas te vind, is van die nie-intieme na die intieme (Hickmon, Protinsky & Singh, 1997:581-582). Die mening word gehuldig dat egpare wat die filosofie van verryking aanneem, beter daartoe in staat sal wees om nie alleen hulle eie potensiaal nie, maar ook die potensiaal van die huweliksverhouding tot die maksimum te benut.

University of Pretoria etd – Prinsloo, C E (2001)



In hierdie hoofstuk gaan die proses van navorsing bespreek word met die klem op die benutting van intervensienavorsing. Die wyse waarop die kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsingsbenadering deur die verloop van die totale proses gekombineer word, word breedvoerig uiteengesit.

## 1.2 MOTIVERING VIR DIE KEUSE VAN DIE ONDERWERP

Tydens die navorser se MA (MW)-studie is die invloed van die middeljare as lewensfase op die huwelik van die middeljarige egpaar ondersoek. Die egskeidingsyfer vir huwelike in hierdie fase is hoog (Prinsloo, 1994:4-8). Die verkennende studie het aangetoon dat die middeljare 'n fase van aanpassing is en dat die middeljarige huwelik deur die veranderinge beïnvloed word. Kommunikasie verminder en huwelike stagneer. Die mening word gehuldig dat alle huwelike potensiaal tot groei het en dat stagnasie deur middel van huweliksverryking uit die weg geruim kan word. Denton (1986a:3) en Mace & Mace (1986b:8) is van mening dat huweliksverryking egpare help om hulle sterkpunte te ontdek en te benut voordat dit nodig is om hulp te gaan vra. Hunt, Hof & DeMaria (1998:5) beklemtoon huweliksverryking as 'n voorkomende benadering wat poog om egpare te bereik voordat hulle in disfunksionele patrone verval en terwyl hulle nog gemotiveerd is vir verbetering. Die kwaliteit van die huweliksverhouding word wêreldwyd nagevors (Lavee & Olson, 1993:326). Die huwelik bly steeds een van die belangrikste boustene van die samelewing.

Programme om die huweliks- en gesinslewe in Suid-Afrika te verbeter, word deur die *White Paper for Social Welfare* (1997:62) soos volg aanbeveel: "*Preparation for marriage and remarriage, family life enrichment, strengthening the relationship between partners, family life skills, and parenting programmes are critical to promoting the well-being of families*". Die noodsaaklikheid van verryking en die aanleer van vaardighede met die doel om uiteindelik verhoudings te versterk en te verryk, is krities noodsaaklik. Op grond van die navorser se belangstelling in die huweliksverhouding en geloof in die ontsaglike potensiaal van die mens binne verhoudingsverband, is besluit om die terrein van huweliksverryking te ondersoek.

Positiewe denke kan aangeleer en deur oefening gehandhaaf word. Gedagtes of sieninge word deur die jare gevorm aan die hand van verskillende ervaringe. Irrasionele denke lei tot irrasionele emosies en irrasionele gedrag. Hierdie negatiewe patroon kan verreikende gevolge vir die huweliksverhouding inhou. Baucom & Epstein (1990:79) en Hurvitz & Straus (1991:177) is van mening dat die terapeut die individu deur middel van RET (*Rational Emotive Therapy*) kan lei om insig te ontwikkel in die oorsprong van irrasionele gedagtes en hoe om die gedagtes te vervang. Hierdie beginsels kan in huweliksverryking aan egpare geleer word om nie alleen negatiewe gedagtes oor hulleself nie, maar ook hulle huweliksmaat en hulle huweliksverhouding, in positiewe gedagtes te omskep.

University of Pretoria etd – Prinsloo, C E (2001)





Waar huweliksberaad die beste gedoen word deur middel van individuele en gesamentlike onderhoude met 'n egpaar, dui die literatuur aan dat huweliksverryking binne groepsverband sterk aanbeveel word. (Vgl. Mace, 1977:178; Dinkmeyer & Carlson, l986c:20 en Hunt, *et al.*, 1998:38.) Aangesien die dinamika van groepe reeds doeltreffend in groepwerk as metode in maatskaplike werk bewys is, is die moontlikheid vir die aanbieding van 'n huweliksverrykingsprogram deur middel van groeigeoriënteerde maatskaplike groepwerk ondersoek.

## 1.3 PROBLEEMFORMULERING

Die egskeidingsyfer is wêreldwyd baie hoog en veral ook in Suid-Afrika. Die huidige gemiddelde syfer vir huwelike wat in egskeiding eindig, is ongeveer vyftig persent (Hunt, *et al.*, 1998:7 en Young & Long, 1998:201). Die egskeidingsyfer in 1998 vir wit egpare 15 tot 24 jaar getroud was 2 675 uit 'n totaal van 14 443. Dit is dus 18,5% van die totale aantal wit egskeidings vir die tydperk (*Statistics South Africa, 2000*). Die verdere moontlikheid bestaan dat die helfte van die huwelike wat nie in egskeiding eindig nie, ongelukkig is. Wanneer huwelike stagneer en kommunikasie verminder, is egskeidings en buite-egtelike verhoudings aan die orde van die dag. Die kwaliteit van die huwelik is die fundamentele sleutel tot die kwaliteit van die gesin. (Vgl. Sanders; Nicholson & Floyd, 1997:234 en Hunt, *et al.*, 1998:10.) Die egpaar is die leiers van die gesin met die mag om hulle kinders te beïnvloed. Op hierdie wyse word die hele volgende generasie en uiteindelik die hele samelewing beïnvloed.

Baie van die samelewingsprobleme kan teruggevoer word na disfunksionele patrone in gesinne, wat weer teruggevoer kan word na die basiese verhouding tussen die man en die vrou. Die verwagtinge en eise van die hedendaagse samelewing en die impak daarvan op die huwelik kan nie verminder of uit die weg geruim word nie, maar die wyse waarop individue daaroor dink en dit uiteindelik hanteer, kan verander word. Egskeiding het 'n negatiewe invloed op kinders van alle ouderdomme (Vgl. Benokraitis, 1996:468.) Uitbranding in die huwelik in die hedendaagse tyd is aan die orde van die dag (Benokraitis, 1996:272). Die huwelik staan in 'n krisis en dit is dringend noodsaaklik dat meer effektiewe en betroubare wyses gevind word om egpare vroeër, voordat hulle so in disfunksionele patrone verval dat daar geen ommekeer moontlik is nie, te bereik.

Die aanleer van vaardighede en die fokus op die bestaande positiewe punte in 'n huweliksverhouding deur middel van `n groeigeoriënteerde groepwerkproses, kan die stand van huwelike aansienlik verbeter en die egskeidingsyfer uiteindelik laat daal. Alle huwelike het die potensiaal tot groei en hierdie potensiaal kan deur middel van huweliksverryking ontdek word. Die ontwikkeling van huweliksverrykingsprogramme word as 'n voorkomende maatreël beskou. Huweliksverryking word veral in die VSA gedoen. Huweliksverrykers daag egpare uit

University of Pretoria etd – Prinsloo, C E (2001)





om hulle huweliksverhouding voortdurend, wederkerig en gesamentlik te ontwikkel en wel op 'n gedissiplineerde, toegewyde en verantwoordelike wyse. Dieselfde probleme ten opsigte van die huwelik word ook in Suid-Afrika gevind, met die verskil dat daar nie soveel geleenthede vir huweliksverryking bestaan nie. Die probleem van die huwelik wat as instelling besig is om status te verloor, kan beslis deur middel van huweliksverryking aangespreek word.

## 1.4 DOEL VAN DIE ONDERSOEK

Spesifieke doelstellings en doelwitte is noodsaaklik om 'n proses, hetsy van beplanning, navorsing of hulpverlening, sinvol te laat verloop. De Vos, Schurink & Strydom (1998:7) definieer die doelstelling (doel) as *"...the end toward which effort or ambition is directed"*, terwyl die doelwit die meer konkrete, meetbare en vinniger bereikbare konsep van die doelstelling is.

### 1.4.1 Doelstelling vir die ondersoek

Die doel van die ondersoek is die ontwikkeling, toepassing en evaluering van `n huweliksverrykingsprogram vir egpare in die vroeë middeljare, aangebied deur middel van 'n groeigeoriënteerde maatskaplike groepwerkproses.

### 1.4.2 Doelwitte vir die ondersoek

Die doelwitte is die volgende:

- Om deur middel van literatuurstudie ondersoek in te stel na die veranderde aard van die huwelik; na huweliksverryking as metode om die stand van huwelike te verbeter en na die groeigeoriënteerde maatskaplike groepwerkproses.
- Om 'n huweliksverrykingsprogram vir egpare in die vroeë middeljare te ontwikkel.
- Om die huweliksverrykingsprogram aan te bied.
- Om die invloed van die huweliksverrykingsprogram op die huweliksbevrediging van die egpare te evalueer.
- Om gevolgtrekkings en aanbevelings aan die hand van die resultate van die evaluering te maak.

## 1.5 NAVORSINGSVRAAG EN HIPOTESE

Vir kwalitatiewe navorsing word 'n navorsingsvraag gestel, terwyl 'n hipotese vir kwantitatiewe navorsing geformuleer word ( De Vos, 1998b:115-116). Die navorsingsprobleem word as 'n

University of Pretoria etd – Prinsloo, C E (2001)





algemene vraag gestel ten opsigte van die verhouding tussen twee veranderlikes. (Vgl. Bless & Higson-Smith, 1995:29.) Die twee veranderlikes word gesien as die huweliksbevrediging en die huweliksverrykingsprogram. Die navorsingsvraag wat vir die kwalitatiewe deel van die studie gestel is, is soos volg:

Is dit moontlik om die huweliksbevrediging van egpare in die vroeë middeljare deur middel van 'n huweliksverrykingsprogram te verbeter?

'n Hipotese is 'n tentatiewe, konkrete en toetsbare (meetbare) antwoord op 'n vraag (vrae) ten opsigte van die verhouding tussen veranderlikes. Die kenmerke van 'n bruikbare hipotese is die volgende:

- Moet duidelik wees – alle veranderlikes moet duidelik beskryf word met gebruikmaking van werkbare definisies.
- Moet empiriese verwysings hê.
- Moet spesifiek wees.
- Moet met beskikbare tegnieke getoets kan word (Bless & Higson-Smith, 1995:37-38).

De Vos (1998b:116) beklemtoon dat 'n hipotese 'n verklaring ten opsigte van die verhouding tussen veranderlikes is en dat 'n hipotese duidelike implikasies vir die toetsing van die verhoudings dra. Die navorser moet bepaal of die hipotese ondersteun of verwerp moet word.

Die hipotese wat vir die doel van hierdie navorsing geformuleer is, is die volgende:

Indien egpare in die vroeë middeljare 'n huweliksverrykingsprogram, aangebied met behulp van groeigeoriënteerde maatskaplike groepwerk, deurloop, sal die huweliksbevrediging verbeter.

Vir die doeleindes van hierdie studie word huweliksbevrediging gedefinieer as 'n houding van meer of mindere goedgesindheid teenoor die eie huweliksverhouding. Dandenau & Johnson (1994:27) meld dat feitlik alle studies ten opsigte van die verbetering van die huweliksverhouding algemene huweliksbevrediging en verskillende verhoudingsvaardighede as uitkomste het. As gevolg hiervan is daar besluit om ook in hierdie studie op bogenoemde te fokus en is die veranderlikes in die hipotese vervat.

University of Pretoria etd – Prinsloo, C E (2001)





## 1.6 NAVORSINGSBENADERING

Beide die kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsingsbenadering is vir die doel van hierdie studie gekombineer. Schurink (1998:240) haal die definisie van 'n kwalitatiewe navorsingsbenadering van Denzin & Lincoln (1994) soos volg aan: *"...a multiperspective approach (utilising different qualitative techniques and data collection methods) to social interaction, aimed at describing, making sense of, interpreting or reconstructing this interaction in terms of the meanings that the subjects attach to it"*. Die hoofdoel van 'n kwalitatiewe navorsingsbenadering is om sosiale lewe asook die betekenis wat individue aan die alledaagse lewe heg, te verstaan. Die kwalitatiewe navorsingsparadigma verwys na navorsing wat respondente se weergawe van betekenis, ervarings en persepsies aan die lig bring. Beskrywende data in die deelnemers se eie geskrewe en/of gesproke woorde word weergegee (Schurink, 1998:243). Tutty, Rothery & Grinnell (1996:5) meld dat die kwalitatiewe navorser begrip en empatie vir die respondente ontwikkel en nie net 'koue' feite weergee nie. Babbie (2001:276 en 300) beklemtoon dat kwalitatiewe navorsing veral toepaslik is vir onderwerpe en prosesse wat nie maklik kwantifiseerbaar is nie, soos byvoorbeeld verhoudings.

Die enigste realiteit vir die kwalitatiewe navorser is dit wat deur die respondente, betrokke by die navorsingsituasie, gekonstrueer word. Veelvoudige realiteite bestaan in enige situasie en hierdie realiteite moet getrou weergegee word (De Vos, 1998d:45). Die kwalitatiewe navorser tree in interaksie met die respondente en poog om die afstand tussen navorser en respondent soveel as moontlik te oorbrug. Met hierdie aspek in gedagte, is dit noodsaaklik om te noem dat waardes van nie alleen die navorser nie, maar ook van die respondente in die weergawe van data geïnkorporeer word. 'n Kwalitatiewe navorsingsbenadering is interpreterend van aard waar waardes en beoordelings van die navorser eksplisiet in die navorsingsverslag genoem word.

'n Kwalitatiewe navorsingsbenadering word soos volg deur Fouché & De Vos (1998a:71-72) aan die hand van die werk van Mouton & Marais (1990) en Reid & Smith (1981) uiteengesit:

- Die prosedures is nie so streng geformaliseer soos in 'n kwantitatiewe navorsingsbenadering nie.
- Die omvang is moontlik ongedefinieer.
- 'n Meer filosofiese metode van uitvoering word aangeneem.
- Die navorser poog om 'n eerstehandse, holistiese begrip van verskynsels van belang te bekom deur middel van 'n buigsame strategie van probleemformulering en data-insameling.
- Bogenoemde word gevorm soos wat die ondersoek vorder.

University of Pretoria etd – Prinsloo, C E (2001)





- Metodes soos deelnemende waarneming en ongestruktureerde onderhoude word gebruik om 'n in-diepte kennis te bekom vir leiding vir die verdere studie.
- Kwalitatiewe metodologie berus op die aanname dat geldige begrip verkry kan word deur die akkumulatiewe kennis wat eerstehands deur 'n enkele navorser ingesamel is.

'n Kwantitatiewe navorsingsbenadering het ten doel om die sosiale wêreld objektief te meet, om hipoteses te toets en om menslike gedrag te voorspel en te kontroleer (Schurink, 1998:241). Kwantitatiewe navorsers gebruik 'n deduktiewe vorm van redenering en neem universele proposisies en veralgemenings as vertrekpunt. De Vos, Schurink & Strydom (1998:15) verwys na die werk van Mouton & Marais (1990) waar gestel word dat die kwantitatiewe benadering tot navorsing in die sosiale wetenskappe meer geformaliseer is asook meer eksplisiet gekontroleer is. Fouché & De Vos (1998a:71-72) onderskei die volgende eienskappe van die kwantitatiewe benadering soos deur Mouton & Marais (1990) en Reid & Smith (1981) uiteengesit:

- Meer geformaliseer asook eksplisiet gekontroleer.
- Die grense is meer spesifiek gedefinieer.
- Is relatief naby aan die fisiese wetenskappe.
- Die rol van die navorser is dié van objektiewe waarnemer.
- Studies is gefokus op spesifieke vrae en hipoteses.
- Bogenoemde bly konstant deur die verloop van die navorsingsproses.
- Data-insamelingsprosedures en tipes meting word reeds voor die aanvang van die studie saamgestel en op 'n gestandaardiseerde wyse toegepas.
- Eie idees en interpretasies van diegene wat die data insamel, word vermy.
- Meting word gefokus op spesifieke veranderlikes wat gekwantifiseer word deur onder andere waardebepalingskale en frekwensietellings.
- Analise vind plaas deur die statistiese afbreking van die verspreiding van veranderlikes.
- Statistiese metodes word gebruik om assosiasies (of verskille) tussen veranderlikes te bepaal.

Die gemengde metodologie ontwerp-model (*'mixed methodology design model')* van Creswell (1994) soos deur De Vos (1998a:361) beskryf, is in die uitvoer van hierdie studie gebruik. Aspekte van die kwalitatiewe en die kwantitatiewe paradigmas is in die metodologiese stappe van die ontwerp vermeng. Die voordele van beide die benaderings is op hierdie wyse benut.

 University of Pretoria etd – Prinsloo, C E (2001)



Tutty, *et al*. (1996:7) meld dat beide die kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsingsbenaderings tot die sosiale kennisbasis bydra, op verskillende, maar aanvullende wyses. Deur die verloop van die navorsingsproses is dit duidelik dat ingesamelde data vanuit beide benaderings wel aanvullend was.

Tydens die navorser se MA (MW)-studie is die fase van die middeljare kwantitatief ondersoek ten einde die behoeftes en kenmerke van hierdie fase in die lewensiklus te bepaal. Vanuit die response van die 94 respondente is bepaal dat die fase een van verandering is en dat die huwelik dikwels onder die aandag wat aan kinders bestee is, ly. Die hoë egskeidingsyfer in die middeljare, wat 'n duidelike numeriese aanduiding was, het as verdere motivering gedien vir die opvolgstudie ten opsigte van huweliksverryking. Persoonlike kontak met die ouers van adolessente, dit wil sê egpare in die vroeë middeljare, het aan die lig gebring dat die fase nie altyd gladweg verloop nie en dat die eise van tieners 'n invloed op die huweliksbevrediging van die ouers het. Hierdie inligting is dus weer op kwalitatiewe wyse verkry.

Die huweliksverrykingsprogram is aan die hand van geïdentifiseerde behoeftes, bestaande huweliksverrykingsprogramme en 'n deeglike literatuurstudie ontwikkel. Die kombinasie van die gebruik van beide benaderings is ook hierin duidelik. Terwyl die program as deel van die voortoets aangebied is, is data ook ingesamel deur middel van persoonlike kontak met die egpare wat daaraan deelgeneem het (kwalitatief). (Vgl. De Vos & Fouché, 1998:90.) Met die laaste aanbieding van die program as deel van die voortoets is die huweliksbevrediging van die egpare met die twee gestandaardiseerde meetinstrumente, naamlik die *Kansas Marital Satisfaction Scale* (Vgl. Bylaag 3 en 4) en die Hudsonskaal: Indeks vir Huweliksbevrediging (Vgl. Bylaag 2), gemeet. Die gebruik van gestandaardiseerde meetinstrumente val binne die kwantitatiewe werkwyse. (Vgl. De Vos & Fouché, 1998:89.)

Tydens die aanbieding van die program onder veldomstandighede vir finale evaluering is die respondente se huweliksbevrediging weer met behulp van die twee gestandaardiseerde meetinstumente getoets (kwantitatief). Die navorser was as groepleier deurentyd deel van die groep en het persoonlike kontak met elke respondent gehad (kwalitatief). Nie alleen is die interaksie en groei van deelnemers waargeneem nie, maar die waarde van die program is ook na die tyd deur middel van semi-gestruktureerde onderhoude getoets (kwalitatief). Die kinders (tieners) van die egpare is ook persoonlik ondervra oor die invloed van die huweliksverryking op hulle ouers se daaglikse funksionering (kwalitatief). Die analise van die kwalitatiewe data is begin met die kodering van data waar individuele data geklassifiseer en gekategoriseer is. Eenhede vir kodering is geskep aan die hand van elemente van verandering wat na afloop van die aanbieding van programme uitgelig is. Kodes is op grond van die hipotese geskep met die veranderlikes daarvan in gedagte. Klem is op die aard van die huweliksbevrediging van die egpare geplaas. (Vgl. Babbie, 2001:364-368.) Temas is na afloop van voorgenoemde proses

University of Pretoria etd – Prinsloo, C E (2001)





uitgelig en voorgehou. (Vg. Tutty, *et al.*, 1996:111.) Die kwalitatiewe data van vier van die aanbiedings is uiteindelik met mekaar vergelyk om die betroubaarheid, toepasbaarheid, ooreenstemming en neutraliteit daarvan te bevestig. (Vgl. Poggenpoel, 1998:348-351.) Sowel kwalitatiewe as kwantitatiewe metodes is dus deur die verloop van al die fases in die navorsingsproses gebruik.

## 1.7 SOORT NAVORSING

Die soort navorsing wat in hierdie studie gebruik is, is toegepaste navorsing. Toegepaste navorsing spreek die onmiddelike probleme aan wat die professionele persoon in die praktyk ervaar. (Vgl. Arkava & Lane, 1983;12.) Die doel van toegepaste navorsing is om die probleme waarmee daar in aanraking gekom word, op te los. Hornick & Burrows (1988:400) meld dat navorsing toegepaste navorsing is wanneer die resultate direk sal help om die probleem of situasie wat nagevors is, te verbeter. Fouché & De Vos (1998a:69) gebruik die term 'intervensienavorsing' as 'n vorm van toegepaste navorsing. Intervensienavorsing behels die ontwikkeling van 'n program, die aanbieding van die program (intervensie) en die evaluering van die effektiwiteit van die intervensie. Binne die konteks van toegepaste navorsing, is intervensienavorsing die mees toepaslike vir hierdie navorsing. Ontwikkelings- en evaluerende navorsing word hiervoor gekombineer (De Vos, 1998c:388). Babbie (2001:333) beskryf sosiale intervensie soos volg: "*...an action taken within a social context for the purpose of producing some intended result*". Evaluerende navorsing is die proses waardeur bepaal word of die intervensie die beoogde resultate gelewer het.

Die huweliksverrykingsprogram is aan die hand van spesifieke behoeftes vanuit die samelewing ontwikkel, aangebied en geëvalueer. Die resultate van die navorsing kan dus direk in die samelewing toegepas word. Die algemene huweliksbevrediging van egpare in die vroeë middeljare kan verbeter deur middel van huweliksverrykingsprogramme wat suksesvol bewys is en op hierdie wyse kan die kwaliteit van die huweliksverhouding verbeter en die egskeidingsyfer vir die spesifieke lewensfase verminder word.

Aangesien daar in hierdie navorsing van intervensienavorsing gebruik gemaak is, gaan die proses vervolgens uiteengesit word. Die onderafdelings van die navorsingsproses, naamlik die prosedures en werkwyses, die vooronderoek, die omskrywing van die universum en die steekproef sal deur die verloop van die proses van intervensienavorsing bespreek word:

### 1.7.1 Analisering van die probleem en beplanning van die projek

Volgens Thomas (1984) in De Vos (1998c:386) is daar twee faktore wat in ag geneem moet word wanneer 'n spesifieke kondisie as 'n probleem geïdentifiseer word, naamlik:

University of Pretoria etd – Prinsloo, C E (2001)





- Erkenning dat professionele en/of gemeenskapstandaarde, gebaseer op sosiale waardes, bestaan wat vlakke van gedrag en welstand as aanvaarbaar definieer.
- Teenstrydighede herken word tussen hierdie standaarde en norme en die bestaande gedrag of welstand by individue of groepe.

Die probleem word geanaliseer in terme van die volgende:

- Die omvang van die probleem;
- die verskillende komponente van die probleem;
- die moontlike veroorsakende faktore;
- die invloed van die probleem; en
- tekortkominge in die wyse waarop die probleem deur middel van intervensie aangespreek word.

Die volgende stap in hierdie fase is om te bepaal wat die bestaande wyses van intervensie is waardeur hierdie spesifieke probleem aangespreek word. 'n Deeglike analise van die waarde van verdere ontwikkeling van intervensies moet gedoen word om te voorkom dat duplisering van hulpbronne en onnodige tyd in die navorsing ingaan. (Vgl. De Vos, 1998c:386-389.)

### 1.7.1.1 Identifisering en insluiting van kliënte

Die intervensienavorser identifiseer 'n populasie waarmee daar saamgewerk gaan word. Die spesifieke probleem moet op die populasie van toepassing wees. Die nodige teikens en doelstellings vir die intervensie word geïdentifiseer. Wanneer hierdie teikengroep of populasie so gekies word dat ware probleme aangespreek word, kry die navorser meer ondersteuning vir die beoogde projek.

Die navorser identifiseer die populasie waarmee daar saamgewerk gaan word as egpare met 'n huweliksduur van vyftien tot vier en twintig jaar. Clinebell (1977b:2) deel die fase van die middeljare in twee dele in, naamlik Middeljare I en Middeljare II. In die eerste deel is daar nog adolessente in die huis en in die tweede deel is die egpaar reeds in die leë-nes fase. Storkey (1996:183-191) onderskei die volgende fases in die huwelik:

- Die nuut getroude egpaar.
- Vroeë gesinslewe.
- Vroeë middeljare.
- Laat middeljare.

University of Pretoria etd – Prinsloo, C E (2001)





- Bejaarde fase.

Vir die doeleindes van hierdie studie is daar op die Middeljare 1 of vroeë middeljare gefokus.

Die probleem van 'n hoë egskeidingsyfer, veral ook in die fase van die vroeë middeljare en aanpassings wat gemaak moet word ten opsigte van die fase van die middeljare, is reeds deur die navorser se MA (MW)-studie aan die lig gebring. In kontak met egpare in die spesifieke lewensfase en met professionele persone betrokke by intervensie met egpare in dié fase, is die probleem bevestig.

Die voorlopige studie het reeds aangedui dat egpare in hierdie fase gebuk gaan onder die eise van onder andere beroepe, finansies en die opvoeding van kinders. Die egskeidingsyfer vir huwelike in hierdie fase is hoog. (Vgl. Prinsloo, 1994:4-5.) Die ervaring van die navorser is dat egpare wat die behoefte aan groei uitspreek, maklik toestem tot deelname aan die proses van verryking. Die keuse van egpare vir huweliksverryking vergemaklik die samewerking aangesien daar gewerk word met egpare wat relatief goed funksioneer. Die klem val op ongebruikte potensiaal, hier-en-nou effektiwiteit van lewe en toekomstige doelstellings. Minder klem word op vorige mislukkings, probleme en patologie geplaas.

### 1.7.1.2 Verkry toegang tot en samewerking van die omgewing

De Vos (1998c:388) is van mening dat suksesvolle intervensienavorsers 'n verhouding van samewerking vorm met die verteenwoordigers van die opset deur hulle te betrek by die identifisering van die probleem, die beplanning van die projek en die implementering van die geselekteerde intervensies. Deur die samewerking te verkry van hierdie betrokkenes, word die uitvoer van die projek vergemaklik. Die moontlikheid van huweliksverryking asook die behoefte daaraan is met die predikante en bestuur van die Nederduits Gereformeerde Gemeente The Reeds, Centurion, bespreek. Die aanbied van die program is aan die gemeentelede geopper en die reaksie was uiters positief. Die egpare wat adolessente in die huis gehad het, het saamgestem dat die fase nie maklik is nie, deels as gevolg van die eise wat deur die fase van die kinders, naamlik adolessensie, gestel word, maar ook as gevolg van die eise van die samelewing in terme van beroepe en finansies.

### 1.7.1.3 Identifiseer die besorgdheid van die populasie

Intervensienavorsers moet dit ten alle koste vermy om eksterne sieninge van die probleem en die oplossing daarvan op die poulasie af te dwing. Navorsers moet poog om te verstaan wat die belangrikste kwessies vir die populasie self is. Die stand van die huwelik in die hedendaagse tyd is kommerwekkend, nie alleen vir die professionele persone wat daarmee te doen kry in intervensies nie, maar ook vir die gewone lede van die samelewing. Bekommernis

University of Pretoria etd – Prinsloo, C E (2001)





ten opsigte van vriende, familie, kennisse en buitestaanders wat skei, word uitgespreek. Hierdie aspek is relevant – ook vir die populasie van individue in die vroeë middeljare en is dan ook deur die egpare in die spesifieke lewensfase uitgespreek.

#### 1.7.1.4 Analisering van geïdentifiseerde probleme

Die aard van die verskil tussen die ideale en die ware stand van die probleem moet geanaliseer word. Vrae word gestel om te bepaal vir wie die probleem belangrik is en waarom vorige intervensies die probleem nie suksesvol kon aanspreek nie. Wanneer hierdie vrae beantwoord word, verskaf dit waardevolle riglyne.

Die probleem van huwelike wat as gevolg van verskillende omstandighede stagneer, word geanaliseer. Wanneer daar gekyk word na die hoë egskeidingsyfer is dit duidelik dat egpare met probleme nie almal soek na hulp nie. Die beskikbaarheid van huweliksverrykings-programme is beperk en dikwels ook duur sodat die bywoning daarvan nie deur die deursnee egpaar bekostig kan word nie. Huweliksverrykingsgeleenthede bestaan en word wel geadverteer, maar is nog nie so beskikbaar dat daar algemeen daarvan gebruik gemaak word nie. Die redes daarvoor kan die volgende wees:

- Huweliksmaats is steeds van mening dat daar nie uit die verhouding gepraat mag word nie. Wat in die verhouding gebeur, is privaat.
- Huweliksmaats is skaam om vir hulp te vra en laat dikwels die probleme so groot word dat hulle later terapie benodig.
- Wanneer dit regtig sleg gaan met 'n individu, is dit maklik om uit desperaatheid hulp te gaan soek teen betaling. Die moontlikheid van huweliksberaad waarvoor hulle moet betaal, word dan as uitweg gesien, terwyl daar reeds vroeër met behulp van huweliksverryking toegetree kon gewees het. (Vgl. Mace & Mace, 1986b:16.)

Hierdie aspekte het 'n nadelige invloed op die groei van die huweliksverrykingsbeweging en die houdings van egpare moet en kan dus deur middel van die regte bemarking van en inligting ten opsigte van huweliksverrykingsprogramme verander word.

#### 1.7.1.5 Bepaling van doelstellings en doelwitte

Nadat die probleem duidelik gestel is, kan daar volgens De Vos (1998b:389) oorgegaan word na die formulering van breë doelstellings en meer spesifieke doelwitte waarvolgens die navorsing gerig gaan word. Hierdie doelstellings help om die volgende stap van insameling van inligting duidelik te struktureer.

Tydens die navorsing vir die MA (MW)-studie, is die invloed van die middeljare op die huwelik

University of Pretoria etd – Prinsloo, C E (2001)



deur middel van 'n gedetaileerde vraelys ondersoek. Dit het duidelik uit die resultate geblyk dat die huwelik in die middeljare kan stagneer en uiteindelik in egskeiding kan eindig indien daar geen groei ten opsigte van die verhouding plaasgevind het nie. Die geïdentifiseerde doelstelling vir die program is daaruit geformuleer asook aan die hand van jare se ervaring om met egpare te werk. Die doelstellings word ter wille van die verloop van die proses van intervensienavorsing weer hier herhaal:

Die doel van die ondersoek is die ontwikkeling, toepassing en evaluering van `n huweliksverrykingsprogram vir egpare in die vroeë middeljare, aangebied deur middel van 'n groeigeoriënteerde maatskaplike groepwerkproses.

Die doelwitte is die volgende:

- Om deur middel van literatuurstudie ondersoek in te stel na die veranderde aard van die huwelik; na huweliksverryking as metode om die stand van huwelike te verbeter en na die groeigeoriënteerde maatskaplike groepwerkproses.
- Om 'n huweliksverrykingsprogram vir egpare in die vroeë middeljare te ontwikkel.
- Om die huweliksverrykingsprogram aan te bied.
- Om die invloed van die huweliksverrykingsprogram op die huweliksbevrediging van die egpare te evalueer.
- Om gevolgtrekkings en aanbevelings aan die hand van die resultate van die evaluering te maak.

Tydens die vyf kere wat die program as voortoets aangebied is, is die doelstellings deur die egpare self bevestig. Die redes waarom die huwelike van egpare in hierdie fase dikwels stagneer, is tydens die vorige studie ondersoek en ook tydens die vooronderSoek bevestig. Tyd saam is beperk as gevolg van buitenshuise beroepsarbeid van beide huweliksmaats, swak ekonomiese toestande van die land en individue, die opvoeding van kinders en algemene lewenseise. Die eerste verhouding wat gewoonlik skade ly, is die huweliksverhouding.

Nadat die probleem duidelik gestel is, kan daar volgens De Vos (1998b:389) oorgegaan word na die formulering van breë doelstellings en meer spesifieke doelwitte waarvolgens die navorsing gerig gaan word. Kommunikasie en konflikhantering is twee van die komponente van die huweliksverhouding waaroor huweliksmaats die meeste kommer het. Volgens O'Donohue & Crouch (1996:88) het rolverwagtinge en geslagsrolle `n invloed op kommunikasie. Die algemene siening is ook volgens Hosea (1981:14) en Burleson & Denton (1997:887) dat kommunikasievaardighede 'n belangrike determinant van huweliksbevrediging is. Inligtingsessies en geleenthede vir inoefening ten opsigte hiervan is in die program

University of Pretoria etd – Prinsloo, C E (2001)





ingewerk.

Die uitbou van die eie en die selfbeeld van die huweliksmaat is 'n verdere doelstelling. (Vgl. Alpaslan,1994:36.) Op hierdie wyse word die egpaar reeds gedwing om positief na hulleself en hulle huweliksmaat te kyk. Die seksuele verhouding verloor dikwels sprankel hoe langer 'n egpaar getroud is. Die egpaar word deur die program gelei om die avontuur en die sprankel terug te sit en mekaar fisies weer te ontdek en te geniet. Dit is belangrik dat die egpaar nie van seks as 'n pretaktiwiteit sal vergeet nie. In enige huwelik is dit een van die prettigste aktiwiteite vir die verhoging van intimiteit. Markman, Stanley & Blumberg (1994:262) beklemtoon dat egpare moet wegbeweeg van die idee dat seksuele aktiwiteit afneem namate hulle ouer word. 'n Groot persentasie egpare hou steeds hulle seksuele verhouding in stand en verbeter selfs die kwaliteit daarvan.

Huweliksmaats is in die program herinner aan hulle heel eerste gevoelens vir mekaar en hulle huweliksbelofte. Deur middel van wedersydse kontraktering is hulle gelei om doelstellings en spesifieke doelwitte vir die bereiking daarvan te formuleer.

### 1.7.2 Insameling van data en sintese

Wanneer 'n intervensie-navorsingsprojek beplan word, is dit noodsaaklik om te bepaal wat reeds deur ander navorsers gedoen is om die probleem aan te spreek. Relevante kennis word versamel en geïdentifiseer en daarna geïntegreer.

#### 1.7.2.1 Gebruik van bestaande bronne van inligting

Die literatuurstudie behels die ondersoek van geselekteerde empiriese navorsing en praktykverslae. Gerekenariseerde databasisse is waardevol in die opsporing van moontlike bronne van inligting. Dit is belangrik dat intervensienavorsers literatuur buite hulle eie studieveld sal bestudeer. Integrasie van verskillende sienswyses uit die verskillende dissiplines in die menswetenskappe is een van die doelstellings van intervensienavorsing. Literatuursoektogte is deur die Akademiese Inligtingsdiens van die Universiteit van Pretoria geloods in die velde van die sosiale wetenskappe asook in die veld van teologie.

Die voorlopige literatuurondersoek wat geloods is, het weinig resente bronne opgelewer. Die gevolgtrekking is gemaak dat daar in Suid-Afrika steeds sterk op remediëring gefokus word en nie soseer op verryking nie. Uit die soektog wat geloods is, het dit verder ook geblyk dat die huweliksverrykingsbeweging selfs in die VSA nog in kinderskoene staan en dat die hooffokus ook daar op behandeling van probleme val. Die navorser het met die *Smartmarriages*-beweging in die VSA kontak gemaak in 'n poging om meer resente bronne op te spoor. Selfs hiermee is daar nie veel resente bronne opgespoor nie. In die volgende soektog na inligting

University of Pretoria etd – Prinsloo, C E (2001)





ten opsigte van groeigeoriënteerde maatskaplike groepwerk is daar weer geen resente bronne opgespoor nie. Ramey (1999:78) noem die volgende in hierdie verband: *"It is interesting that we shifted from an emphasis on healthy development to solving problems and that now society is shifting back to emphasis on creating well-being".* Komende van die sekretaris van die *Association for the Advancement of Social Work with Groups* (AASWG), 'n internasionale organisasie vir die bevordering van maatskaplike werk met groepe, is die gebrek aan resente literatuur uitgeklaar.

### 1.7.2.2 Studie van natuurlike voorbeelde

'n Waardevolle bron van inligting is die waarneming van lede van die gemeenskap wat die spesifieke probleem ervaar. Onderhoude met individue wat die probleem ervaar en ook met kenners op die terrein verskaf insig in die intervensies wat suksesvol was al dan nie, asook die veranderlikes wat 'n moontlike uitwerking op die sukses het. Selfs die studie van onsuksesvolle pogings lei tot waardevolle inligting vir die beplanning van die projek. Hierdie inligting is in die vooronderseok verkry. (Vgl. De Vos, 1998c:391.) Die navorser se MA (MW)-studie het ook getoon dat die huwelike van middeljarige egpare aanpassing by die veranderinge van die nuwe lewensfase benodig (Prinsloo, 1994:268). Die huweliksbevrediging is nie noodwendig laer nie en juis daarom kan huweliksverryking 'n bydrae lewer.

Die gevallelading van maatskaplike werkers, predikante, sielkundiges en beraders wat met die huwelik werk, getuig van die groot hoeveelheid huweliksprobleme wat op 'n daaglikse basis hanteer moet word. Suksesvolle en gelukkige huwelike is, na aanleiding van gesprekke met sulke egpare, te danke aan sinvolle, intieme kommuniksie en voortdurende groei. Huweliksverryking het dus duidelik 'n plek in die daarstelling van beter verhoudings.

### 1.7.2.3 Identifisering van funksionele elemente van suksesvolle modelle

Wanneer die nodige inligting ingewin is, word die kritiese kenmerke van programme wat die probleem voorheen aangespreek het, geanaliseer. Was daar 'n suksesvolle program en watter elemente daarvan het tot die sukses gelei? Waarom was 'n program onsuksesvol en watter elemente daarvan het tot die mislukking daarvan gelei? Wanneer hierdie elemente geïdentifiseer is, kan die aktiwiteite vir ontwerp en ontwikkeling gerig word.

Programme soos vanuit die literatuur bestudeer, is gebruik in die samestelling van die verrykingsprogram wat as deel van die vooronderseok aangebied is en uiteindelik in die finale program vervat is. Die detail van die bestudeerde programme word in hoofstuk 3 uiteengesit. Verdere moontlike aanbiedingswyses, oefeninge en funksionele hulpmiddels is vanuit die

University of Pretoria etd – Prinsloo, C E (2001)





bronne wat oor die huwelik handel, in die program ingewerk.

### 1.7.3 Ontwerp

Thomas, in De Vos (1998c:392) is van mening dat die ontwerp die beplande en sistematiese aanwending van wetenskaplike, tegniese en praktiese inligting is in die ontwikkeling en samestelling van nuwe elemente. Navorsers moet 'n wyse ontwerp waarop gebeure wat verwant is aan die probleem op 'n natuurlike wyse waargeneem word. Kliënte wat deur die probleem geraak word, moet betrek word om die gedrag en die omgewingsfaktore wat verander moet word, te spesifiseer. Wanneer die fokus van die verandering geïdentifiseer is, moet hierdie aspekte op `n waarneembare wyse gedefinieer word sodat dit waargeneem kan word. Deur die waarneming van die probleem en die bestudering van veranderinge wat natuurlik voorkom, kan die navorser sekere prosedurale elemente identifiseer wat in die intervensie gebruik kan word. Die elemente moet op so `n wyse beskryf word dat herhaling deur ander opgeleide veranderingsagente moontlik is.

#### 1.7.3.1 Ontwerp van 'n waarnemingsisteem

Die navorser het aan die hand van die vorige MA (MW)-studie en 'n spesifieke behoefte in die gemeenskap 'n verrykingsprogram opgestel. Egpare in die gemeenskap is deur middel van 'n vraelys gevra watter komponente van die huweliksverhouding die grootste prioriteit was. Die aard van hierdie komponente word in detail in Hoofstuk 2 bespreek. Die resultate word in Tabel 1 aangetoon.

**TABEL 1: BEHOEFTEBEPALING TEN OPSIGTE VAN HUWELIKSKOMPONENTE**

| KOMPONENT | FREKWENSIE | PERSENTASIE |
|---|---|---|
| Gesin van herkoms | 3 | 3.6 |
| Selfkonsep | 3 | 3.6 |
| Seksualiteit | 3 | 3.6 |
| Huwelikskeuse | 0 | 0 |
| Kommunikasie | 18 | 21.7 |
| Konflikhantering | 20 | 24.1 |
| Afsonderlike en gesamentlike groei | 16 | 19.3 |

University of Pretoria etd – Prinsloo, C E (2001)





| KOMPONENT | FREKWENSIE | PERSENTASIE |
|---|---|---|
| Ouerskap | 13 | 15.7 |
| Finansies | 4 | 4.8 |
| Rol van skoonouers | 3 | 3.6 |
| Geloofsverskille | 0 | 0 |
| **TOTAAL** | **83** | **100%** |

Bogenoemde response het duidelik aangedui waar die klem in die verhoudings van die teikengroep moet lê. Vanuit die literatuur was dit ook duidelik dat kommunikasie en sinvolle konflikhantering tot huweliksbevrediging bydra (Benokraitis, 1996:272; Hunt, Hof & DeMaria, 1998:42-43 en Young & Long, 1998:138). Feitlik al die literatuur ten opsigte van huweliksbevrediging verwys na die noodsaaklikheid van effektiewe kommunikasie en konflikhantering. Geen spesifieke formele observasiesisteem is gebruik nie. Die navorser het die response soos uit bogenoemde vraelys verkry en die inligting soos vanuit die literatuur verkry, vir hierdie doel gebruik.

#### 1.7.3.2 Spesifisering van die prosedure vir die intervensie

Vanuit bestaande programme en literatuur ten opsigte van die maatskaplike groepwerkproses is die prosedure vir die huweliksverrykingsprogram bepaal. Hunt, *et al.* (1998:83) meld die voordele van 'n wegbreeknaweek in die vorm van 'n *'retraite'*. Verskeie ander skrywers (vergelyk 3.9 in hoofstuk 3) het ook die waarde van 'n naweekprogram beklemtoon. Die huweliksverrykingsprogram is daarvolgens ontwikkel. Die verloop van die program aan die hand van die fases van die groepwerkproses, naamlik die voorbereidingsfase, beginfase, werkfase en afsluitingsfase (Toseland & Rivas, 2000:92) is in die programinhoud verwerk. Die komponente wat die hoogste aantal response ontvang het, naamlik kommunikasie, konflikhantering en afsonderlike en gesamentlike groei, is as deel van die werksessies beplan. Vanuit bestaande programme en literatuur ten opsigte van huweliksfunksionering (vergelyk 3.9) is die belangrikheid van seksualiteit as komponent beklemtoon. Hierdie aspek is ook in die program ingewerk. Dit was belangrik om soveel funksionele hulpmiddels en aktiwiteite as moontlik in te werk om die egpare te laat ontspan en die program te laat geniet.

### 1.7.4 Vroeë ontwikkeling en voortoets

Hierdie stap behels die proses waardeur intervensie implementeer word en op 'n proefbasis

University of Pretoria etd – Prinsloo, C E (2001)





aangebied word. So word daar getoets vir voldoendheid en herontwerp indien nodig. Hierdie voortoets stem ooreen met die vooronderseok soos deur Strydom (1998b:182) uiteengesit.

#### 1.7.4.1 Ontwikkeling van 'n prototipe of voorlopige intervensie

Die program is aan die hand van die resultate van die navorser se MA (MW)-studie ontwerp met behulp van bestaande programme soos in die VSA aangebied. Die teorie verbonde aan die groeigeoriënteerde groep is in die ontwikkeling van die program in ag geneem. Die program is in detail uitgewerk voordat die eerste afkondigings gedoen is.

#### 1.7.4.2 Uitvoer van 'n voortoets

Die voorlopige huweliksverrykingsprogram is by vyf geleenthede aan 48 egpare altesaam aangebied. Vier van die aanbiedings van die program was in die vorm van `n wegbreeknaweek waar daar intensief gewerk is vanaf Vrydagaand tot Sondagmiddag. Die vyfde aanbieding was in die vorm van 'n tydbeperkte korttermyngroep vanaf 9:00 tot 23:00 op 'n Saterdag. Die terugvoer van die egpare was dat hulle 'n nuwe denkpatroon aangeleer het en dat hulle nuwe potensiaal in hulleself en in hulle huweliksmaats ontdek het. Egpare het deur middel van deurlopende evaluering vermeld waaroor hulle nog inligting wou hê. Die program is aan die hand van die egpare se evaluasies aangepas en verder ontwikkel. Sekere tendense kon reeds aan die hand van die egpare se groei asook terugvoer waargeneem word.

#### 1.7.4.3 Aanwending van ontwerpkriteria ten opsigte van die voorlopige intervensie

Die navorser is bewus daarvan dat daar meer in die voortoetsfase ingesit is as wat verwag sou word. Dit was egter belangrik dat die program so na as moontlik aan perfek sou moes wees teen die tyd dat die finale aanbieding moes geskied. Alle aanbevelings van die egpare wat die vyf geleenthede meegemaak het, is benut. Die navorser se kundigheid as maatskaplike groepwerker het haar ook in staat gestel om elke sessie in elke aanbieding en met elke groep aan die hand van die elemente van suksesvolle groepsfunksionering te evalueer. In hierdie ondersoek is daar van die enkelstelselontwerp in die voortoetsfase en wel by die vyfde aanbieding van die program, gebruik gemaak. 'n Voortoets asook 'n natoets is gedoen om die huweliksbevrediging van die egpare te bepaal. Die evaluasie is aan die hand van die twee gestandaardiseerde meetinstrumente, naamlik die *Kansas Marital Satisfaction Scale* en die Hudsonskaal: Indeks vir Huweliksbevrediging gedoen. Die bruikbaarheid en effektiwiteit van die twee meetinstrumente is ook by hierdie geleentheid getoets. Daarna is die program verder verfyn totdat daar met redelike sekerheid gesê kon word dat soveel as moontlik haakplekke uitgestryk is.

University of Pretoria etd – Prinsloo, C E (2001)





De Vos (1998c:396) vermeld die volgende relevante vrae ten opsigte van standaarde vir doeltreffende intervensie:

- Is die intervensie effektief?
- Is die intervensie herhaalbaar?
- Is die gebruik daarvan eenvoudig?
- Kan die intervensie vir verskillende kontekste aangepas word?
- Is die intervensie verenigbaar met plaaslike gebruike en waardes?

Die antwoorde op al bogenoemde vrae was positief, soos uit die evaluasievraelyste asook vanuit persoonlike onderhoude van die egpare verkry. Die feit dat die program by vyf verskillende geleenthede aan verskillende groepe, selfs aan groepe bestaande uit individue uit verskillende ouderdomsgroepe, aangebied is en dieselfde positiewe terugvoer ontvang het, het aan die navorser getoon dat die inhoud daarvan reg was om finaal onder veldomstandighede aangebied en geëvalueer te word. Die detail van die terugvoer word breedvoerig in hoofstuk 5 bespreek.

### 1.7.5 Evaluasie en gevorderde ontwikkeling

Evaluasie in intervensienavorsing geskied deur middel van die reeds vasgestelde navorsingsmetodologie. Die doel hiervan is om dit wat ontwikkel is, te evalueer met die oog op verfyning en die algemene gebruik daarvan na afloop van die ontwikkeling.

#### 1.7.5.1 Keuse van eksperimentele ontwerp

Die navorsingsontwerp word deur Fouché & De Vos (1998b:123-124) gedefinieer as die plan of die bloudruk waarvolgens data ingesamel gaan word en aan die hand waarvan hipoteses of navorsingsvrae getoets gaan word. In hierdie studie is 'n kwasi-eksperimentele ontwerp gebruik. (Vgl. Fouché & De Vos, 1998b:129.) In die werklike lewe is dit dikwels moeilik om 'n kontrolegroep te kry, hetsy deur ewekansige toewysing of deur passing. Kwasi-eksperimentele ontwerpe help navorsers om vir veroorsakende faktore te toets in situasies waar die ware eksperiment moeilik of ontoepaslik is (Neuman, 1997:186). As gevolg hiervan is dit soms nodig om die vereistes van 'n ware eksperiment te laat skiet. Tog is dit beter om 'n hoër vlak van kontrole te verkry as wat in pre-eksperimentele ontwerpe gebied word (Bless & Higson-Smith, 1995:76). Babbie (2001:339) meen dat die kwasi-eksperimentele ontwerp dikwels in evaluatiewe navorsing gebruik word waar dit nie moontlik is om respondente ewekansig aan 'n eksperimentele groep en 'n kontrolegroep toe te wys nie.

Vir die doel van hierdie studie is daar van die vergelykende groep voortoets-natoets ontwerp

University of Pretoria etd – Prinsloo, C E (2001)



gebruik gemaak. Die egpare is nie ewekansig aan die groepe toegewys nie, alhoewel hulle almal aan die gestelde kriteria vir deelname voldoen het. Aangesien die egpare vrywillig besluit het om vir die huweliksverrykingsgeleentheid te registreer en die naweek vir elf van die egpare geleë was, was dit onmoontlik om 'n ewekansige toewysing te maak. Op aandrang van Prof. H. Groeneveld, statistikus aan die Universiteit van Pretoria, is die Solomon viergroeptoets vir die verdeling van die 22 egpare gebruik. Die doel van enige eksperimentele ontwerp is om die oorsaaklike verband tussen die afhanklike- en die onafhanklike veranderlike vas te stel. Die waarde van die onafhanklike veranderlike kan moontlik aan toeval toegeskryf word eerder as aan die invloed van die onafhanklike veranderlike, maar met die ware eksperimentele prosedure is daar statistiese tegnieke vir die vasstelling van die moontlikheid dat dit kan gebeur (Fouché & De Vos, 1998b:134). Eksterne geldigheidsfaktore word hier oorweeg. Die spesifieke ontwerp maak voorsiening vir feitlik alle moontlike bronne van vooroordeel. Volgens Neuman (1997:187) en Babbie (2001:228-229) is die Solomon viergroepontwerp ontwikkel om die invloed van voortoetse aan te spreek. Die invloed van die voltooiing van 'n vraelys as voortoets wou ondersoek word om vas te stel of die verandering by egpare, indien enige, wel aan die intervensie (huweliksverrykingsprogram) toegeskryf kon word. Indien die egpare ewekansig toegewys kon word, sou dit 'n ware eksperimentele ontwerp kon wees. Ewekansige toewysing was egter nie moontlik nie en daarom is slegs die beginsels van die Solomon viergroeptoets gebruik.

Vier, in plaas van twee, groepe is gebruik. Daar was twee eksperimentele groepe en twee vergelykende groepe, maar slegs een van die groepe uit elke hoofgroep het die voortoets afgeneem. Die voordeel van die Solomon viergroeptoets is dat kontrole van toetsinvloede toegelaat word. Die nadeel daarvan is dat dubbel die hoeveelheid respondente benodig word en dat die ontwerp meer werk rondom die implementering daarvan vra (Fouché & De Vos, 1998b:135). Een van die redes waarom hierdie ontwerp gekies is, was om te bepaal of die invul van die voortoetse, in die vorm van die Hudsonskaal: Indeks vir Huweliksbevrediging en die *Kansas Marital Satisfaction Scale*, reeds 'n invloed op die huweliksmaats se denke rondom die huweliksverhouding en huweliksbevrediging gehad het. Bradbury (1994:199) meen, aan die hand van navorsing deur hom onderneem, dat 'n klein hoeveelheid individue wel negatief kan reageer wanneer hulle gevra word om op sekere aspekte van die huweliksverhouding te fokus, soos byvoorbeeld deur die invul van 'n vraelys. Denke en gevoel word soms deur bogenoemde beïnvloed.

**TABEL 2: SOLOMON VIERGROEPONTWERP**

| GROEP | VOORTOETS | ONAFHANKLIKE VERANDERLIKE | NATOETS |
|---|---|---|---|

University of Pretoria etd – Prinsloo, C E (2001)



| | | | |
|---|---|---|---|
| **Eksperimenteel 1** | | | |
| **Vergelykend 1** | | | |
| **Eksperimenteel 2** | | | |
| **Vergelykend 2** | | | |

Vir die doeleindes van hierdie studie is die ontwerp verder verfyn om voorsiening te maak vir die toets van die langtermyninvloed van die huweliksverrykingsprogram. Die eerste natoets is die Sondag van die *'retraite'*-naweek deur al die respondente in al vier die groepe voltooi. Vir die eksperimentele groep was dit 'n 'wittebrood-hoogtepunt' en daar kon nie met sekerheid aanvaar word dat die resultate blywend sou wees wanneer die egpare terug by die huis met die daaglikse spanning en verantwoordelikhede gekonfronteer word nie.

**TABEL 3: AANPASSING VAN SOLOMON VIERGROEPONTWERP**

| GROEP | VOORTOETS TOETS 1 | ONAFHANKLIKE VERANDERLIKE | NATOETS TOETS 2 | NATOETS TOETS 3 |
|---|---|---|---|---|
| **Eksperimenteel 1** | | | | |
| **Vergelykend 1** | | | | |
| **Eksperimenteel 2** | | | | |
| **Vergelykend 2** | | | | |

### 1.7.5.2 Insameling en analisering van data

Gedurende die voortoets en die meer formele evaluasie van intervensies word data voortdurend ingesamel en ontleed (De Vos, 1998c:397). Daar is van alle inligting soos tydens die voortoets-aanbiedings verkry, asook die evaluasievorms van die egpare wat die programme deurloop het, rekord gehou. Die nodige aanpassings is voortdurend gemaak. Daar is ook besluit op die gebruik van twee verskillende gestandaardiseerde meetinstrumente ten opsigte van die bepaling van huweliksbevrediging sodat die data vergelyk kon word en uiteindelik ook meer verifieerbaar kon wees. Die skale is vir die kwantitatiewe deel van die studie gebruik. Huweliksbevrediging word vir die doel van hierdie studie gedefinieer as 'n houding van meer of mindere goedgesindheid teenoor die eie huweliksverhouding. Roach, Frazier & Bowden (1981:538) beklemtoon dat die effektiwiteit van nie alleen terapie nie, maar ook verrykingsprogramme en –werkswinkels die beste gemeet word in terme van die



b15392533
i15984114

University of Pretoria etd – Prinsloo, C E (2001)





verandering in houding teenoor die eie huwelik.

### 1.7.5.3 Herhaling van die intervensie onder veldomstandighede

Die finale program is tydens die naweek van 23 tot 25 Maart 2001 aangebied. Agt weke voor die betrokke datum is 'n afkondiging/advertensie in die Nederduits Gereformeerde Gemeente The Reeds te Centurion gedoen. Egpare is uitgenooi om vir die naweek te bespreek. Die volgende punte is tydens die afkondiging beklemtoon:

- Egpare moet tussen 15 en 24 jaar getroud wees.
- Die egpaar moet ten minste al 'n tiener (kind in die hoërskool) hê.
- Die egpaar se verhouding moet redelik goed tot goed wees aangesien daar met bestaande potensiaal gewerk word.
- Individuele huweliksmaats funksioneer relatief goed en ontvang geen psigoterapie of beraad nie.
- Geen psigiese versteurdheid.
- Bereid tot groei en samewerking.
- Verkieslik 'n eerste huwelik.

Die feit dat daar met die sterkpunte in die verhouding gewerk gaan word en die klem op die ontspanne en rustige atmosfeer waarin die aanbieding sal plaasvind, is deurentyd beklemtoon. Egpare het reeds tydens die bemarking van die program kennis geneem dat die program nie op probleme fokus nie en dat daar geen 'ou koeie uit die sloot' gehaal gaan word nie.

Twaalf (12) egpare het vir die kamp bespreek, maar een egpaar het onttrek as gevolg van die feit dat die vrou se moeder siek geword het. Daar is dus vir elf (11) egpare beplan. Dandenau & Johnson (1994:20) beklemtoon dat 12 egpare die gemiddelde grootte groep is vir navorsing ten opsigte van die uitkomste vir verryking. Die egpare wat aangedui het dat hulle ook in huweliksverryking belangstel, maar vir wie die naweek nie geleë was nie, is as vergelykende groep gebruik. Hierdie egpare het ook aan al die kriteria, soos hierbo genoem, voldoen. Een egpaar wat ernstig belanggestel het, was net tien jaar getroud en is gevra om oor te staan tot 'n volgende keer. Dit was belangrik dat al die egpare positief teenoor huweliksverryking moes staan en graag hulle huweliksverhouding wou verbeter. Aangesien beide die eksperimentele groep en die vergelykende groep uit elf egpare elk bestaan het, is besluit om die twee groepe in vier groepe, soos vir die Solomon viergroeptoets benodig, te verdeel. Hierdie verdeling is genoodsaak deur die onttrekking van die een egpaar aan die eksperimentele groep en die feit dat die egpaar wat slegs tien jaar getroud was, nie geskik was vir die vergelykende groep nie.

University of Pretoria etd – Prinsloo, C E (2001)





Skematies kan die verdeling soos volg voorgestel word:

**TABEL 4: AANTAL EGPARE PER GROEP**

| GROEP | AANTAL EGPARE |
|---|---|
| **Eksperimenteel 1** | **6 egpare** |
| **Vergelykend 1** | **6 egpare** |
| **Eksperimenteel 2** | **5 egpare** |
| **Vergelykend 2** | **5 egpare** |

Vir die doel van hierdie navorsing, naamlik om die effektiwiteit van die huweliksverrykingsprogram wat ontwikkel is, te toets, is die universum (populasie) as alle egpare in die Nederduits Gereformeerde Gemeente The Reeds, Centurion, wat 15 tot 24 jaar getroud is, beskou. Bless & Higson-Smith (1995:85) definieer die populasie of universum as: *"The entire set of objects and events or group of people which is the object of research and about which the researcher wants to determine some characteristics…"*. Die doel van die navorsing was om die huweliksverrykingsprogram aan die egpare in die fase van die vroeë middeljare aan te bied en hulle huweliksbevrediging voor en na die tyd te meet om vas te stel of die program effektief is. Nie-waarskynlikheid-steekproeftrekking is vir die ondersoek gebruik en wel deur middel van toevallige steekproeftrekking (*'accidental sampling'*). (Vgl. Grinnell & Williams, 1990:125.) Babbie (2001:182) meen dat nie-waarskynlikheidsteekproeftrekking veral in kwalitatiewe navorsing bruikbaar is.

Die afkondiging ten opsigte van die huweliksverrykingsnaweek is gemaak en die respondente was toevallig beskikbaar om die naweek mee te maak. Strydom & De Vos (1998:198) meld dat hierdie tipe steekproef uit respondente saamgestel word wat die naaste en die maklikste beskikbaar is. (Vgl. ook Bless & Higson-Smith, 1995:94-95 en Neuman, 1997:204.) Tog dien dit vermeld te word dat alle egpare, beide in die eksperimentele groep en in die vergelykende groep, aan die gestelde kriteria voldoen het, wat 'n element van doelgerigte steekproeftrekking insluit. Neuman (1997:206) meld dat doelgerigte steekproeftrekking gebruik kan word wanneer die navorser spesifieke tipe gevalle wil identifiseer met die oog op in diepte ondersoek. Die doel is nie soseer om veralgemenings ten opsigte van die populasie te maak as om 'n beter begrip van die tipe saak/situasie/omstandighede te verkry nie. Die egpare het aan al die kriteria, soos vir doelgerigte steekproeftrekking, voldoen en was toevallig vir die spesifieke naweek (as eksperimentele groep) en as vergelykende groep beskikbaar. Die kriteria was soos volg:

- Egpare moet tussen 15 en 24 jaar getroud wees.

University of Pretoria etd – Prinsloo, C E (2001)





- Die egpaar moet ten minste al 'n tiener (kind in die hoërskool) hê.
- Die egpaar se verhouding moet redelik goed tot goed wees aangesien daar met bestaande potensiaal gewerk word.
- Individuele huweliksmaats funksioneer relatief goed en ontvang geen psigoterapie of beraad nie.
- Geen psigiese versteurdheid.
- Bereid tot groei en samewerking.
- Verkieslik 'n eerste huwelik.
- Afrikaanssprekend.
- Wit.
- Christene.

Hierdie kriteria, buiten vir die laaste drie, is duidelik op die aankondiging aangedui. Aangesien die universum die lidmate van die NG Gemeente The Reeds, Centurion, was, is aangeneem dat hulle Wit, Afrikaanssprekend en Christene sou wees.

Die program is deur middel van 'n groeigeoriënteerde groep aangebied. Mace (1977:176) en Hunt, *et al.* (1998:37) beklemtoon die effektiwiteit van huweliksverryking in groepsverband waar daar 'n kombinasie is van die gee van minilesings en die uitruil van ervaringe met mekaar. Tyd vir individuele werksessies is ingeruim en die beginsels van eksperimentele leer is in ag geneem. Rekordhouding van die verloop van die proses met spesifieke verwysing na die doelstelling en doelwitte vir elke sessie is voortdurend gedoen.

#### 1.7.5.4 Verfyning van die intervensie

Voordat die program versprei kan word, moet daar seker gemaak word dat alle moontlike probleme ten opsigte van die aanbieding en meting uit die weg geruim word. Die program sal vir verspreiding voorberei word. Die potensïele markte vir die intervensie sal geïdentifiseer word, die program sal bemark en die nodige opleiding aan die aanbieders verskaf word. (Vgl. De Vos, 1998c:401-402.) Vir die doeleindes van hierdie studie sal hierdie stap nie ook gedoen word nie.

## 1.8 ETIESE ASPEKTE

Die etiese uitvoering van die navorsing berus uitsluitlik by die navorser (Strydom, 1998a:23). Sekere etiese riglyne en beginsels waarvolgens navorsing uitgevoer behoort te word, bestaan en die navorser behoort dit as deel van persoonlike funksionering te inkorporeer. Die

University of Pretoria etd – Prinsloo, C E (2001)





volgende etiese aspekte word deur Strydom (1998a:25-34) uiteengesit en sal vervolgens bespreek word soos dit op die studie van toepassing is:

### 1.8.1 Skade aan eksperimentele respondente

Een van die voordele van die aanbied van 'n huweliksverrykingsprogram is dat respondente daarby baat kan vind. Een van die gestelde kriteria was dat respondente 'n relatief goeie tot goeie verhouding moet hê wat reeds 'n moontlike waarborg van minder probleme en konflikte kan wees. Dit is egter geen waarborg dat dit nie so kan wees nie, soos in die bespreking van leemtes in die studie gesien sal word. Hierdie spesifieke huweliksverrykingsprogram fokus op die sterkpunte en die potensiaal van die verhouding en op geen stadium word 'ou koeie uit die sloot gehaal' nie. Die doel van die program is juis die aanleer van vaardighede, gebou op die bestaande potensiaal. Op geen stadium van die voortoetsaanbiedings of die eksperimentele aanbieding het enige van die egpare emosionele of ander skade gely nie. Almal het by die aanbieding gebaat en terselfdertyd heerlik ontspan. Egpare was voor die tyd volledig ingelig oor die beplande werkwyse.

### 1.8.2 Ingeligte toestemming

Alle respondente is deeglik ingelig oor die aard van die navorsing, hoe die meting sou plaasvind en wat hulle kon verwag. Hulle het geweet dat die program vir hulle voordele inhou – het dit ook van die egpare wat vroeër op die kampe was, verneem. Respondente het ten volle kennis gedra van die implikasies en het steeds hulle samewerking gegee. Dit was ook op die respondente wat deel van die vergelykende groep was, van toepassing, selfs al sou hulle nie die program kon meemaak nie. Die waarborg van anonimiteit het hiertoe bygedra soos later bespreek sal word.

### 1.8.3 Misleiding van respondente

Respondente is op geen stadium doelbewus mislei nie. Indien daar enige aspekte na vore sou kom wat moontlik aan misleiding toegeskryf sou kon word, sou sodanige aspekte onmiddelik opgevolg word. Respondente het van elke fase van die proses geweet. Twee weke na afloop van die huweliksverrykingsgeleentheid is egpare van beide groepe bymekaargebring waartydens die voorlopige resultate, soos deur die rekenaar verwerk, aan hulle voorgehou is.

### 1.8.4 Skending van privaatheid

Alle inligting is vertroulik behandel en die waarborg is ook aan respondente gegee.

University of Pretoria etd – Prinsloo, C E (2001)





Respondente se gegewens bly privaat en hulle identiteit word nie bekendgemaak nie. Die feit dat die egpare deel van 'n groeigeoriënteerde groep was, beteken dat hulle heg gebind het en in die groep selfopenbaring gedoen het. Hiervoor is daar egter gekontrakteer en dit is in die groep geakkomodeer. Geen identifiserende inligting sal in die navorsingsverslag gegee word nie en respondente het ook geen toegang tot die resultate van ander respondente nie. Die respondente weet dat die navorser ter wille van die administrasie rondom die drie toetse vir huweliksbevrediging moes weet wat die nommer van elke egpaar is sodat vraelyste korrek afgelewer en uiteindelik verwerk kon word. Neuman (1997:453) meen dat vertroulikheid sonder anonimiteit beteken dat inligting nie openbaar gemaak word nie, maar die navorser koppel individuele name aan spesifieke response. (Vgl. ook Bless & Higson-Smith, 1995:103.) Respondente het op geen stadium name op enige meetinstrumente of vraelyste geskryf nie.

### 1.8.5 Handelinge en bevoegdheid van navorsers

Die navorser dra kennis van die proses van navorsing, van huweliksfunksionering asook van groepwerk as metode in maatskaplike werk. Die MA (MW)-studie asook twee doktorale tentamens is suksesvol voltooi. Die navorser is verantwoordelik vir die dosering van Huwelik- en Gesinsorg asook Groepwerk as metode in maatskaplike werk aan die Departement Maatskaplike Werk, Universiteit van Pretoria. Geen individu kan sekerlik aanspraak maak op volledige kennis ten opsigte van onderwerpe nie, maar alle moontlike stappe is geneem om die program so volledig en sinvol as moontlik te ontwikkel en aan te bied. Daar is gepoog om te alle tye so objektief as moontlik op te tree en te interpreteer.

### 1.8.6 Samewerking met medewerkers

Hierdie punt is nie op hierdie navorsing van toepassing nie. 'n Nagraadse beurs is deur die NRF (*National Research Foundation*) aan die navorser toegeken en die nodige erkenning is verleen.

### 1.8.7 Vrystelling en publikasie van bevindinge

Die navorsingsverslag is so objektief en akkuraat as moontlik geskryf. Eerlikheid ten opsigte van die uitvoer van die navorsingsproses aan die hand van die fases asook ten opsigte van resultate soos deur die ondersoek verkry, is deurgans gehandhaaf. Daar is ook met alle respondente gekontrakteer dat die finale navorsingsresultate aan die einde van die proses by 'n geleentheid aan hulle voorgehou sal word. Op hierdie wyse wil die navorser ook haar dank aan die respondente betuig vir hulle samewerking en motivering.

University of Pretoria etd – Prinsloo, C E (2001)





### 1.8.8 Herstel van respondente

Die respondente is aan geen negatiewe ervarings onderwerp nie. As gevolg van die natoetse en die opvolg-onderhoude met die egpare, was dit moontlik om persoonlik almal se ervarings aan te hoor. Nie een van die respondente het negatiewe ervarings gehad nie. 'n Groot persentasie van die respondente uit die vergelykende groep het aangedui dat hulle wel 'n volgende huweliksverrykingsgeleenthied sal wil bywoon om dieselfde ervarings as die eksperimentele groep te kan hê.

Uit bogenoemde is dit dus duidelik dat alles moontlik gedoen is om te verseker dat daar aan die etiese verwagtinge en beginsels ten opsigte van navorsing in die geesteswetenskappe voldoen word.

## 1.9 DEFINISIES VAN HOOFKONSEPTE

### 1.9.1 Huweliksverryking

Huweliksverryking word volgens die Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk (1996:27) gedefinieer as 'n program op individuele en groepsvlak, gerig op die verbetering van die rolvervulling in en kwaliteit van 'n huwelik. Denton (1986a:3) definieer huweliksverryking as 'n manier om egpare te help om hulle sterkpunte te ontdek en dit te benut en te bevorder alvorens dit nodig is om vir hulp te gaan vra. Diskin (1986:114) meld dat huweliksverryking ten doel het om verswakte huweliksverhoudings te versterk en te poog om voorkomend toe te tree voordat die probleme onhanteerbaar raak. Volgens Hof & Miller (1980) in Garland (1983:1) is huweliksverryking die instaatstelling van huweliksmaats:

> *"...to create a climate between them which will enable them to increase self- and other-awareness of the growth potential of the marriage; to explore and express their thoughts and feelings with honesty and empathy; and to develop and use the skills needed to relate together effectively, solve their problems and resolve their conflicts. In such a climate, it is believed that the individual and the couple are best able to maximize their potential for relationship satisfaction and personal and couple growth".*

Die benutting van potensiaal word beklemtoon. Die mening word gehuldig dat huweliksverryking 'n werkwyse is waardeur egpare gehelp word om die goeie in hulle huwelike nog beter te maak. Die huweliksmaats word gelei om hulle individuele potensiaal en die potensiaal in hulle verhouding te ontdek of te herontdek, die potensiaal uit te bou en daardeur te groei. Huweliksverryking kan in groepe aangebied word, maar kan ook individueel aan 'n

University of Pretoria etd – Prinsloo, C E (2001)





egpaar gebied word na afloop van huweliksberaad waar daar dan op die uitbou en benutting van nuwe vaardighede gefokus word.

### 1.9.2 Kognitiewe herstrukturering

Emosies ontstaan vanuit oortuigings, evaluasies, interpretasies en reaksies op lewensituasies. Die kognitiewe herstruktureringsteorie van Ellis meen dat kliënte bedrewenhede aanleer wat hulle in staat stel om irrasionele oortuigings wat aangeleer is, te identifiseer. Hulle leer om hierdie oneffektiewe denkwyses te vervang met effektiewe en rasionele denke. Die resultaat hiervan is dat emosionele reaksies op situasies daardeur verander. Die teorie staan ook as RET (*Rational Emotive Therapy)* bekend. (Vgl. Corey, 1996:320.) Elke mens het 'n eie manier om na homself en die wêreld te kyk en maak voortdurend veronderstellinge en formuleer dit dan op 'n eie manier. Huweliksmaats vorm ook 'n beeld van probleme wat in die verhouding ervaar word, wat verkeerd gegaan het en hoe die probleem hanteer en verander moet word. In kognitiewe herstrukturering word die individu en/of die egpaar gehelp om nuwe moontlikhede raak te sien en die persepsie ten opsigte van die probleem te verander. Die kliënt word gelei om self die verbande raak te sien. Kognitiewe herstrukturering word gebruik om die huweliksmaats te help om hulle belewing van hulleself, hulle maat en hulle verhouding te verander deur die ingryping van 'n terapeut. Die verband tussen huidige persepsies en vroeëre gebeure moet getrek word en die wyse waarop dit die huidige verhouding beïnvloed, moet uitgewys word (Vansteenwegen,1992:53).

Kognitiewe herstrukturering bied kognitiewe, emosionele en gedragstegnieke om absolute verwagtinge en perfeksionistiese eise te ontdek, te klarifiseer en oor te gee. Daarna word dit na realistiese en rasionele voorkeure of behoeftes verander (Ellis, 1985: 431). Die mening word gehuldig dat kognitiewe herstrukturering daarop neerkom dat irrasionele gedagtes en gevoelens deur middel van 'n kognitiewe proses verander word na rasionele gedagtes en gevoelens. Verandering in gedrag is die uiteindelike gevolg van die kognitiewe proses.

### 1.9.3 Die middeljare

Die gesin begin 'n nuwe fase van ontwikkeling en verandering wanneer die kinders die einde van hulle adolessente fase nader en hulle behoefte aan ouerlike toesig en versorging minder word. Hierdie fase in die gesin se lewe, wat begin wanneer die jongste kind hoërskoolouderdom bereik en duur totdat die jongste kind die huis verlaat om te trou of op sy eie te gaan woon, word die middeljare van die gesinsiklus genoem (Belkin & Goodman, 1980:350 en Blacker, 1999:287). Die middeljare word hier gedefinieer in terme van die normale verloop van die lewensiklus van die gesin. Conway & Conway (1987:26) definieer die middeljare in terme van die volgende: *"Mid-life is dated not so much by age as by life*

University of Pretoria etd – Prinsloo, C E (2001)





*experiences. Blue collar workers tend to think of mid-life as thirty-five, wheras professional people tend to see it as forty to sixty-five".*

Die middeljare word gesien as die fase vanaf ongeveer veertig tot en met sestig jaar. Daar kan egter geen vaste ouderdomsgrens aan die middeljare gestel word nie. Die fase hang saam met die veranderinge wat plaasvind, soos byvoorbeeld die huisverlating van kinders, fisiese veranderinge, veranderinge in die beroep en nuwe rolle soos die rolle van grootouers en skoonouers. Vir die doeleindes van hierdie studie word daar met egpare in hulle vroeë middeljare gewerk, wat beteken dat hulle adolessente in die huis het en nog nie heeltemal in die leë-nes fase verkeer nie.

### 1.9.4 Groeigeoriënteerde groepe

Hierdie groepe bied geleenthede vir groeplede om bewus te word van gevoelens, gedagtes en gedrag rakende die self en ander, met die oog op die uiteindelike uitbreiding en verandering daarvan. Die groep word benut om die potensiaal van groeplede ten volle te ontwikkel en hulle die potensiaal te laat benut. Groeigroepe fokus op die sosio-emosionele gesondheid van groeplede eerder as op remediëring. (Vgl. Toseland & Rivas, 2000:26.) Volgens Jacobs, Harvill & Masson (1994:18) bestaan groeigroepe uit groeplede wat graag wil ervaar wat dit beteken om in 'n groep te wees en wat die motivering het om meer van hulleself te leer. Groeplede kry die geleentheid om persoonlike doelstellings te ontwikkel. Dit sluit veranderinge in lewenstyl, 'n groter bewustheid van gevoelens oor die self en ander, verbeterde interpersoonlike kommunikasie en 'n assessering van waardes in – alles in 'n atmosfeer waar daar eerlik gedeel en geluister word.

Die mening word gehuldig dat daar in groeigroepe doelbewus daaraan gewerk word om potensiaal te ontdek en daardeur groei aan te moedig. Huweliksmaats word gelei om individueel en gesamentlik te groei in die teenwoordigheid van en met die aanmoediging van ander egpare. Versterking en erkenning van potensiaal lei daartoe dat die groei uiteindelik tot verandering in gedrag lei. Verhoudings verbeter en die kwaliteit van die huwelik baat daarby.

## 1.10 BEPERKINGS EN LEEMTES IN DIE ONDERSOEK

- Uit die literatuurstudie het dit geblyk dat resente bronne ten opsigte van huweliksverryking en groeigeoriënteerde groepe skaars is. Die literatuur fokus hoofsaaklik op die problematiek in die huweliksverhouding en hoe daar beraad of terapie aangebied kan word. Behandeling is op die voorgrond en nie voorkoming nie. Ouer bronne is deurentyd gebruik, maar die mening word sterk gehuldig dat hierdie spesifieke bronne uiters waardevol is en dat die inligting daarin vervat selfs in die

University of Pretoria etd – Prinsloo, C E (2001)




hede bruikbaar is. Bronne soos Clinebell (1977); Mace & Mace (1986); Ard & Ard (1976); Denton (1986); Dibbert & Wichern (1985); Dinkmeyer & Carlson (1986); Diskin (1986); Eshleman (1974); Garland (1983); Hosea (1981); Knox (1979); Konopka (1972) en Stahman & Hiebert (1977) is nie resente bronne nie, maar het uiters waardevolle teoretiese inhoude gehad wat in die navorsingsverslag ingewerk is.

- Die steekproef vir die empiriese navorsing was klein. Twee-en-twintig (22) egpare is as steekproef gebruik. Die studie het egter nie net van 'n kwantitatiewe benadering gebruik gemaak nie, maar ook van 'n kwalitatiewe navorsingsbenadering. De Vos (1998d:46) haal Taylor (1993) aan deur te noem dat die kwalitatiewe navorser gewoonlik met klein steekproewe en spontane gebeure werk. Die resultate kan egter nie veralgemeen word nie. Sekere gevolgtekkings en aanbevelings is gemaak, maar slegs op grond van die spesifieke steekproef van die navorsingstudie.

- Die aanname dat alle egpare wat van mening is dat hulle wel goed funksioneer en dus aan die vereistes (kriteria) vir die bywoning van 'n huweliksverrykingsprogram voldoen, wel goed funksioneer, kan nie sommer net gemaak word nie. Egpare het soms deur die jare geleer om by mekaar aan te pas, maar het nie noodwendig goeie huweliksbevrediging nie. Een van die egpare wat deel was van die eksperimentele groep het ernstige probleme gehad, maar dit deur die jare leer aanvaar. Hierdie leemte is in detail in hoofstuk 5 bespreek.

- Die empiriese ondersoek is alleen gedoen met wit, Afrikaanssprekende egpare. Die universum het slegs uit wit egpare bestaan. Die resultate van die navorsingstudie kan nie vir alle kulturele groepe veralgemeen word nie. Die moontlikheid bestaan dat ander waardes en norme ten opsigte van huweliksfunksionering in ander kulture geld, alhoewel die komponente van die huwelik, soos in hoofstuk 2 uiteengesit, redelik universeel ten opsigte van alle verhoudings is. Verdere ondersoek na die bruikbaarheid van die program vir egpare uit ander kultuurgroepe is noodsaaklik.

## 1.11 INHOUD VAN NAVORSINGSVERSLAG

- Hoofstuk 1: Algemene inleiding
- Hoofstuk 2: Die moderne huwelik
- Hoofstuk 3: Huweliksverryking
- Hoofstuk 4: Groeigeoriënteerde maatskaplike groepwerk
- Hoofstuk 5: Empiriese ondersoek


University of Pretoria etd – Prinsloo, C E (2001)





- Hoofstuk 6: Algemene samevatting, gevolgtrekkings en aanbevelings

**FIGUUR 1: SKEMATIESE VOORSTELLING VAN HOOFSTUKINDELING**




## 1.12 SAMEVATTING

1.12.1 Die behoefte aan huweliksverryking in die hedendaagse samelewing is bespreek. Egskeidingsyfers is hoog en veral ook in die fase van die vroeë middeljare wanneer ouers die verantwoordelikheid vir die versorging van adolessente ouers asook bejaarde ouers het.

1.12.2 Die probleem is geformuleer in terme van die hoë egskeidingsyfer en die feit dat huweliksverrykingsprogramme in Suid-Afrika nie so algemeen beskikbaar is nie. Programme vir huweliksverryking word dikwels deur godsdienstige instellings aangebied, maar is nie noodwendig wetenskaplik verantwoordbaar nie.

1.12.3 Die doel van die ondersoek is gestel as die ontwikkeling, toepassing en evaluering van 'n huweliksverrykingsprogram vir egpare in die vroeë middeljare, aangebied deur middel van 'n groeigeoriënteerde maatskaplike groepwerkproses.

1.12.4 Die hipotese is soos volg gestel: Indien egpare in die vroeë middeljare 'n huweliksverrykingsprogram, aangebied met behulp van groeigeoriënteerde maatskaplike groepwerk, deurloop, sal die huweliksbevrediging verbeter.

University of Pretoria etd – Prinsloo, C E (2001)





1.12.5 Die gebruik van beide die kwalitatiewe- en die kwantitatiewe navorsingsbenadering (gemengde metodologie) vir die studie is bespreek.

1.12.6 Die soort navorsing wat vir die studie gebruik is, naamlik intervensienavorsing, is in detail bespreek. Kortliks kan intervensienavorsing beskryf word as die ontwikkeling, aanbieding en evaluering van 'n intervensieprogram.

1.12.7 Die wyse waarop aandag aan die etiese aspekte van die totale navorsingsproses gegee is, is volledig bespreek.

1.12.8 Die beperkings en leemtes van die ondersoek, naamlik die gebruik van minder resente bronne, die klein steekproef, die gebruik van 'n wit Afrikaanssprekende steekproef en die feit dat egpare wat vir huweliksverryking gaan, nie noodwendig goeie huweliksbevrediging het nie, maar slegs goeie huweliksaanpassing het, is bespreek.